

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

ds. PJ Kriel

19.02.2017

Inhoud Die preek wys hoe dit God se vreugde is om met sy skeppingswerk besig te wees. Die Here verheug Hom daarin om besig te wees met sy skepping en goed te wees daarmee en daarvoor. Die Psalm wys hoe die Here besig is om ekostelsels te bedryf, van die skuif van tektoniese plate tot en met die afwisseling van verskillende ekotipeperke. Die gelowige ken hierdie goedheid van God in en deur sy verbond en daarom kan hy dit ook raaksien in die skepping. Goddeloses kan nie in die Here se skeppingsbedryf die vreugde sien waarmee Hy Homself as Skepper is nie. Hulle sien nie die vreugde waarmee God sy skepping bedryf deur al sy ekostelsels nie. Hulle sien die vertoon van magtigheid. Hierdie waanbeeld van God kom nie uit die skepping nie maar uit hulle magsdrif waarin hulle hul eie mag teenoor die skepping en mense wil glo asof dit welwillendheid is. Daarom sien hulle in die Here se skepping net hul eie magsbeeld. Hulle bewonder hul eie magsbeeld terwyl gelowiges verwonderd is oor hoe God vreugdevol besig is om Here van sy skepping te wees.

Liturgie 1. Lied 199 verse 1, 2, 3.

2. Evangelielesing Lied 200 verse 1 en 3.

3. Nuwe wetslesing Lied 276 verse 1 en 2.

4. Psalm 104 verse 1, 4, 7, 10, 14, 15.

Skriflesing Psalm 104; Esegël 36: 24 – 31; Lukas 22: 25.

Teks Psalm 104 vers 31: Mag daar aan die roem van die Here geen einde wees nie! Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.

Tema Dit is God se vreugde en roem om goed te wees met en vir sy skepping.

1. Hoekom is 'n boer 'n boer? Hoekom is 'n sakeman 'n sakeman?

Dit is mos verspot om 'n boer of sakeman te wil wees om daarmee te wil wys hoe groot en sterk jy is! Is dit hoekom so mens so goed boer of besigheid doen? Om iets op te rig om te wys hoe groot en sterk hy is? Dit is die laaste ding waarmee regte boere en regte sakemanne, besig is om te doen, om besig te wees om te wys hoe groot en sterk hulle is.

Geen regte boer of sakeman wil mos boer of besigheid doen om vir ander mense te wys hoe slim hy is nie! Die vernuftigheid en berekendheid waarmee hulle besig is, is nooit bedoel om hulle slimheid te demonstreer vir ander mense nie. Mense wat so boer of besigheid doen, is net nie regtig boere of sakemanne nie.

Die hart van hierdie vernuftige, kragtige en bedrewe ondernemings wat mense oprig gaan oor vreugde. Die vreugde om 'n boer of sakeman te kan wees! Die vreugde om vernuftig een besigheid na die ander te kan beplan, onderneem, oprig en te kan bedryf.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Om dit te doen omdat dit is wie jy is en wil wees!

'n Regte boer of sakeman is een wat dit is omdat dit sy vreugde is om so te wees en so besig te wees. Vir regte boere en sakemanne is dit lekker om te wees wat hulle is.

2. Dit is die openbaring van God wat ons vanoggend in hierdie Psalm moet ontdek. Dit sal verspot wees om die Psalm te lees asof in die Psalm openbaar word dat God met sy skepping besig is om te wil wys hoe groot, hoe slim en hoe kragtig Hy met sy skeppingswerk is, asof dit die doel van sy werke is.

'n God wat doen wat hy doen om aan mense sy krag, mag en wysheid te demonstreer, is nie regtig God nie.

Dit is altyd die wanindruk oor en waanbeeld waarmee mense na God se skeppingswerk kyk: dat die grootheid, die vernuftigheid, die wysheid en krag wat in hierdie werk duidelik is, bedoel is om vir hulle te wys hoe groot, kragtig, wys en magtig God is.

In die mens se ongeloof en goddeloosheid sien hy altyd God se skepping as God se magsvertoon teenoor die mens, so asof God altyd besig is om Hom teenoor die mens as groot en almagtig te wil bewys.

3. Die Psalmskrywer sien ook alles van die skepping raak wat enige goddelose mens in die skepping raaksien, die grootheid daarvan, die wysheid daarvan en die heerlikheid daarvan.

Dit grootheid, wysheid en almag van God se handwerk kan almal sien.

- Mense wat ateïste is, wat sê dat daar nie 'n God is nie, sien dit!
- Mense wat agnosties is, wat sê 'n mens kan nie regtig God ken nie, sien dit.
- Mense Kommuniste is, wat sê dat God iets is wat mense vir hulle self uitdink, kan dit ook raaksien.

Wat die Psalmskrywer oor God raaksien in sy skepping, kan ook alle ander ongelowe in die Here se skepping raaksien, dat God baie groot is, (vers 1), dat God wys is, "U het alles tog in wysheid geskep"(vers 24) en dat God kragtig en magtig is "laat die heerlikheid van die Here vir ewig wees (vers 31, 53 vertaling).

Selfs die Egiptiese afgodsdienstpriesters het hulle songod só besing: groot, wys en almagtig.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

4. Wat anders is in die eer wat die Psalmskrywer hier aan die Here gee, is die erkenning dat dit vir God 'n vreugde is om as God goed te wees met en vir sy skepping.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping. God verbly Homself daarin en verheug Homself daarin om goed te wees met en vir sy skepping, want dit is net wie God is – Hy is goed!

Die goedheid van God word in twee woorde bely: Here my God!

Ons mag nooit hierdie belydenis, “Here, my God”, hoor of sien as 'n mens se verinniging van God so asof ons as mens God as ons eie kan vertroetel nie. Om iets te verinnig soos om dit te vertroetel is 'n magsgreep wat mense uitoefen, dit is geen goeie deug of 'n mooi geestelike daad nie.

5. Ek wil graag vir u 'n Bybellees wenk gee. Die titel “Here” in Afrikaans is die vertaling van die Hebreeuse woord “Jahweh”. Hierdie is woord is die naam waarmee God Homself aan Moses bekend gemaak het in Exodus 3:14 “Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle gestuur.”

God is wat Hy is. Die wyse waarop God is wat Hy is, moet u elke keer gaan lees in Esegïel 36 verse 24 tot 32 of die ooreenstemmende gedeelte in Jeremia 31 verse 31 – 34.

God is nie wat Hy is deur sy almag, wysheid en krag te demonstreer nie. Hy is wat Hy is deur goed te wees in sy almag, wysheid en krag. Die wyse waarop die Psalmskrywer God ken as die Here is deurdadig dat God só God is soos hy God is:

- Hy verwyder ons uit die gemeenskappe van goddeloosheid en afgodedienste
- Hy reinig ons van ons sondes en afgodery.
- Hy verwyder ons sondige geaardheid en
- gee ons 'n nuwe geaardheid om God lief te hê
- Hy skep deur sy liefde en genade vir ons in ons 'n nuwe liefde vir sy wet
- Hy maak Homself ons God en laat ons sy kinders wees.
- Hy sorg vir ons met sy skeppingsgawes.

Dit is hoe God ons Here is. Hoe Hy vir ons is wat Hy is! Hy is vir ons as sondaars God wie altyd net vir ons goed is. Met die belydenis: “Here, my God”, erken ons God is vir ons goed soos Hy is wanneer Hy God is soos Hy God is.

6. Die besondere van die belydenis van God se goedheid vir sy skepping is dat Hy goed is vir alles en almal.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Dit wys die Psalmskrywer deur iets uit te lig in God se skepping wat eers in ons eeu 'n wetenskaplike naam gekry het: ekosisteme!

Alles wat God gemaak het in Genesis 1 word in hierdie Psalm genoem, maar op 'n baie besondere wyse: nie deur dit sistematies in volgorde te noem nie, maar om te wys op die dinamika van hoe God alles beweeg en met mekaar verweef.

God beweeg die waters om van die aarde geskei te wees.

“Die groot waters het die aarde soos 'n kleed oordek, die waters het bo-oor die berge gestaan. Maar toe U die waters aanspreek, het hulle gevlug, voor die krag van U stem het hulle die wyk geneem... U het 'n grens gestel waaroor hulle nie mag gaan nie.”

God beweeg die water om van die aarde geskei te wees. Vandag noem ons dit die beweging van tektoniese plate. Die krag van die stem van God beweeg tektoniese plate om landmassas en see massas te skei.

So skep God met ekosisteme van seediëre en landdiere 'n verskeidenheid van lewe. Die Psalmskrywer stel dit so: “die aarde is vol van wat die Here gemaak het” en “die see wemel van diere, klein en groot” (verse 24, 25)

Hierdie beweging van tektoniese plate is nie vir die mens en lewe 'n bedreiging, 'n gevaar, 'n dreigende ramp of 'n katastrofe nie. Hy trek 'n grens tussen lewe in die see en lewe op land. Die beweging van see en landmassas is hoe God is wat Hy is: goed vir sy skepping!

7. Die volgende beweging wat God mee besig is, is die beweging van water. Ons noem dit vandag wetenskaplik, die watersiklus.

Die Psalm beskryf die watersiklus deur God as die landbouer voor te stel wat sy land met water natlei en besproei.

Die Here is die Here van die wolke, wind en weerlig. Hulle is sy werktuie soos die watervore en grawe van 'n landbouer. Hy beweeg en stuur hulle as sy diensmiddele. In wetenskaplike taal is die Here die Here van hoog- en laagdrukstelsels. Hy is die Here wat dit uit die hemel laat reën. Hy is die Here wat berge sponsgebiede vir water maak. Daarom word gesê, “Uit die hemel laat u dit op berge reën en die aarde word versadig” en “U laat fonteine in die valleie ontspring en tussen die berge deur stroom.”

Met hierdie watersiklus laat God sy bome wat Hy geplant het, die groot bosreus van die berge, groei en laat hy gras op die velde groei.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Met hierdie watersiklus gee God aan mense kos, wyn en olie uit die vrugbaarheid van die aarde. Dit is uit die goedheid van God deur hierdie watersiklus dat mense versorg is (kos), lewensvreugde ervaar (wyn) en gesond is (olie).

Die watersiklus wat God bedryf is hoe God is wat Hy is: goed vir sy skepping.

8. Die volgende beweging wat die skrywer uitwys is die beweging van die son en maan. Met die beweging van die son en maan skep God die ekosisteme van dag- en naglewe. Hierdie twee lewenssisteme beweeg in die vaste lewensritme van rus en werk vir elke ekostelsel.

Die diere se naglewe laat die bosse roer van lewe sodat roofdiere God dank vir die nag se lewe en en die dag se rus. Die mens se lewenspatroon van werk en rus is net die teenoorgestelde.

Deur hierdie vaste siklus wat God skep van die afwisseling van dag- en naglewe, dag en nagrus, is Hy vir elkeen en alles in sy skepping goed.

Vandag ken ons dit as die beweging van planete. Deur die beweging van planete, sonnestelsels, galaksies en die hele kosmos is God besig om vir sy skepping goed te wees. Niks in dit waarmee God besig is in die bestuur en beweging van die kosmos is iets waardeur God vyandig, kwaadwillig of sleg vir sy skepping is nie.

Deur hierdie beweging van planete skep God vir ons suurstof en koolsuurgas. Die wisseling van winter en somer is nie iets gevaarliks en bedreigends vir die skepping nie. Dit is deel van die lewensritme van vrugbaarheid: rus en produseer.

Dit is hoe God is wat Hy is en goed is omdat Hy is wat Hy is.

9. Die volgende siklus in God se skepping wat die skrywer uitwys, maak die Psalm regtig besonders.

Hy wys op die siklus van lewe en dood van die diere van die see en land, en plante as 'n vaste deel van God se goedheid in en met sy skepping.

Ons self het iets van wat die skrywer hier uitwys die laaste paar maande in ons omgewing beleef. Hy stel dit so: "U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg. Maar as u U terugtrek, is dit klaar met hulle."

Die Here gee lewensasem en die Here neem lewensasem weg. Droogtetid en reëntyd!

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Twee maande gelede in die wildduin het jy van een karkas na die volgende karkas gery oor 'n veld wat net grond en stof is. Twee maande later stap 'n oorvloed van diere met net hulle koppe uit uitsteek bo die ruie grasvelde.

Die besondere van hierdie lewensiklus van lewe en dood van die diere van die see en land, ook met plante “ook uit die grond laat u nuwe lewe spruit”, is dat dit hier uitgewys word as die wyse waarop God goed is.

Die beeld het ook 'n landbouagtergrond.

Hoe is 'n beesboer 'n goeie beesboer? Hy teel en voer sy beeste en hy slag sy beeste. Teel en grootmaak, slag en doodmaak is deel van 'n goeie boerdery. Hy plant en laat sy saailinge groot word en Hy oes en kap sy saailand af. En plant en laat nuwe oeste weer opkom.

Vandag ken ons hierdie beweging van God as die skep van 'n tydperk vir dinosourusse en beëindiging van 'n tydperk van dinosourusse. Van oerplante en nuwe plantspesies! Die Here maak sy hand oop en die Here trek Hom terug. Dan laat God nuwe lewe uit die aarde spuit met 'n tydperk vir soogdiere.

En dit is geen ramp of terugslag vir sy skepping nie. God is ook in hierdie gee en skep van nuwe plant en dierlewe op aarde, goed vir sy skepping.

10. Die laaste ekosisteem waarmee die skrywe hierdie verering van God afsluit is aardbewings en vuurspuwende berge: “Hy wat na die aarde kyk, en dit bewe, wat die berge aanraak, en hulle brand.”

Die kontras in hierdie sin is die krag van die openbaring oor God: Sy kyk veroorsaak 'n aardbewing en sy aanraking veroorsaak vuurspuwende berge, en dit is deel van die wyse waarop God 'n vreugde vind om God te wees met en vir sy skepping.

Vandag ken ons aardbewings en vulkane as die wyse waarop God nog steeds besig is met die beweging van kontinente as deel van die siklus van die planeet aarde.

Niks wat God as Skepper is in die beweging van die aarde en lewe, in al die lewenssiklusse wat God bestuur, is vyandskap of kwaadwilligheid van God teen sy skepping nie. Alles waarmee God besig is, is die wyse waarop God 'n vreugde daarin vind om goed te wees vir en met sy skepping.

- Dit is hoe Hy elke plek op aarde, van die hoogste berg en boomtoppe, tot in die diepste kloue in die berge, blyplek vir diere, voëls en mense maak;
- Dit is hoe Hy vir alles en almal met water en kos voorsien;
- Dit is hoe Hy alles vir die beweging van mense en diere oor die hele aarde moontlik maak – om sy skepping te bewoon en te bewerk!

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Selfs oermonsters van die see, die Leviatan, is net God se speelgoed en kan nie die vrye beweging van mense verhinder om die hele skepping vreesloos te bewoon nie.

11. Niks waarmee God in sy skepping in wysheid, grootheid, krag en mag mee besig is nie, is 'n magsvertoon teenoor die mens nie.

Daarom hierdie unieke geloofsinsig in hoe God God is:

- Niks waarmee God as Skepper besig is, is 'n vertoon van 'n magtigheid, 'n grootheid en 'n alwysheid waarvoor die mens in bewondering van hierdie mag bevrees en verskik voor moet staan nie.
- Niks waarmee God in sy wysheid, grootheid en mag in en met sy skepping mee besig is, is 'n vorm van kwaadwilligheid, vyandigheid of argloosheid teenoor mens, plant of dier nie.
- In al die ekosisteme van die skepping wys God dat Hy gelukkig is om goed te wees vir sy skepping!

Dit is hoe God God is. Hoe Hy is wat Hy is: Hy is gelukkig om goed te wees vir en met sy skepping. Dit is wie Hy is.

Daarom aanbid hierdie gelowige God só:

“Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf! Mag God gelukkig wees in die wyse waarop Hy God is en en deur al die ekosisteme wat God bedryf! Want die geluk van God is dat Hy goed is vir sy skepping soos wat Hy God is.

Dit is hoe gelowiges God prys! Deur aan Hom die roem en eer te bring vir wie Hy is: Hy is goed met sy skepping omdat dit is wie Hy is!

12. Kan u die verskil raaksien in hoe goddeloses die wêreld sien teenoor hoe hulle wat God se goedheid ken, die Here se wêreld sien?

Gelowiges sien in elke ekosisteem wat God as sy handewerk bedryf die roem en eer van God: God is besig om Hom te verheug om goed te wees vir sy skepping! Hulle leef in die verwondering oor hoe dit God se vreugde is om as God goed te wees

Goddeloses sien 'n magsvertoning! 'n Magsvertoning waarvan die vrees oor die mag wat hulle sien, hulle in bewondering van hierdie mag meevoer!

Die verskil van hierdie verwondering oor God en die bewondering van die mag van God openbaar Jesus Christus as die Here self in die evangelie: “²⁵ By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en die wat gesag afdwing, laat hulle weldoeners noem.” (Lukas 22)

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Goddeloses sien die afdwing van hulle eie mag as die wyse waarop hulle vir mense goed is en mense se onderwerping aan hulle mag as 'n manier waarop mense hulle welwillendheid en goedheid moet erken. Die bewondering en vrees vir mag is vir goddeloses die manier waarop hulle goed wil wees! Die bewondering van en vrees vir mag is vir goddeloses hul godsdiens!

Daarom leef hulle met hierdie geloofbelydenis: mag is goed! Die vrees van mag skep bewondering!

In hierdie ongeloof kan hulle in die handewerk van God wat die hele tyd besig is om sy ekostelsels te bestuur, net hulle eie magsbewondering raaksien: God is besig om sy mag aan mense te probeer vertoon!

13. Twee verskillende waarnemings van God in sy werke: God se vreugde om as God goed te wees wys in sy werke teenoor God is besig om sy mag teenoor mense te demonstreer!

Dit is die verskil tussen regte godsdiens en die valse geestelikhede van hierdie wêreld! Die verwondering oor die vreugde van God om goed te wees as God teenoor die bewondering van die magsdemonstrasie van God.

Hoe werk hierdie verskil tussen verwondering en bewondering?

Bewondering is die passie om deel van die mag van God te wees. Goddeloses sien in God se werke 'n magsdemonstrasie wat hulle so met bewondering oor hierdie mag vervul dat hulle deel van hierdie mag wil wees.

Die wyse waarop jy in God se mag deel, is deur oorgawe aan hierdie mag. Daarom is die slagwoord in hierdie wêreldse geestelikheid – oorgawe! Deur jou aan die mag van God oor te gee, word jy deel van hierdie mag van God! Deur jou aan hierdie mag van God oor te gee, word jy die vyandigheid, kwaadwilligheid en vernieling van hierdie mag gespaar!

Elke openbaring van wie God in sy handewerk is, word in hierdie magsbeeld oor God 'n dreiging en aanval om jou as mens tot oorgawe te bring:

- die krag van aardbewings en vulkane,
- die krag van stormwinde, siklone en weerlig,
- die krag van die son en kosmos,
- die geologiese veranderinge en tydperke
- die krag van lewe en dood

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

In alles moet 'n mens oorweldig word deur die kragvertoning van God op so wyse dat die mens homself aan die mag van God oorgee.

So word God die god van die magtiges van hierdie wêreld: Hy dwing sy krag en mag op mense af en laat Hom dan deur mense vereer word as hulle weldoener.

U kan maar na die getuienisse van geestelikes luister – God het hulle deur sy krag en mag, oorweldig, gebreek en verniel en op hierdie wyse, deur God se afdwing van sy mag, het hulle begin om God lief te hê, lief soos goddeloses lief het – deur God te eer vir die afdwing van sy mag!

14. Dit is presies ook wat hulle met die Here Jesus Christus doen. Hulle bewonder sy mag.

Die Here Jesus is die Here wat Homself verheug om God te wees vir sy skepping. Daarom verklaar Johannes: “Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.” Jesus is die Here wat is wat Hy is. (Joh. 8:58) Jesus is die Here wat vir sondaars sterf en opstaan omdat dit is hoe Hy God is: dit is sy vreugde om vir sy skepping God te wees en Hom so deur sy skepping te laat ken!

Maar die magtiges en geestelikes maak van die Here Jesus ook net weer 'n god van hierdie wêreld. Hulle sien sy kruisiging en opstanding as 'n magsdemonstrasie. 'n Demonstrasie van mag wat jy in bewondering jouself aan kan onderwerp om deel van hierdie mag te word. volgens goddeloses demonstreer Jesus in sy kruis en opstanding die mag van God waaraan jy

- jouself moet oorgee aan die Here Jesus,
- tot 'n oorgawe aan die Here Jesus moet kom,
- jouself aan die Here Jesus moet onderwerp en Hom koning moet maak,
- jou self aan die Here Jesus onderwerp en voor Hom jou self niks maak en niks laat wees nie en
- dan sal jy deel word van die krag van die Heilige Gees! Dan sal jy deel word van die mag van God wat andersins vir jou 'n bedreiging is.

Daarom is dit al wat goddeloses in die Here se handwerke en in sy verlossingswerk kan raaksien: die vertoning, die demonstrasie van God se mag, krag en wysheid waaraan Hy mense onderwerp, die mag van God waaraan mense hulle moet oorgee.

15. Ironies genoeg is hierdie magsbeeld van God presies die geloofsbasis vir elke ateïs, agnostikus en kommunis.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Hulle het deur die wetenskap hulle van hierdie gewaande magsbeeld van God bevry! Hierdie magsbeeld dat god deur sy skepping aan mense sy mag en wysheid demonstreer.

Dit is hulle bevryding! Die wetenskap wys vir hulle dat God nie besig is om sy mag op mense deur sy handwerk af te dwing nie. Dit bewys hulle deur te wys dat die natuur werk soos hy werk. In al die ekosisteme van die skepping sien hulle dan God nie sy mag demonstreer nie, maar dat die skepping werk soos Hy werk, tot voordeel van elkeen en almal.

Wat is hierdie bevryding en ontdekking van hierdie wetenskaplike ongeloof? Dat hulle magsbeeld van God nie waar is nie? Dit is en was nog nooit waar dat die Here sy mag, wysheid en krag aan mense deur sy skepping gedemonstreer het nie. Dit is geen wetenskaplike ontdekking nie. Dit is maar net die ontdekking van magtiges se eie waanbeelde.

U moet die ironie raaksien van hierdie goddeloses! Omdat hulle met wetenskap oor die skepping ontdek hulle magsbeeld oor God, dat Hy deur sy skepping sy mag demonstreer, is vals, is daar nie 'n God wat Homself verheug om goed te wees met en vir sy skepping nie. Die natuur is nou sommer net goed!

Goddeloses wat van hulle eie magsbeelde oor god bevry word om nog steeds maar net goddeloos te bly!

Hoe dit God se vreugde is om goed te wees vir sy skepping sal hulle nooit kan raaksien in die Here se handewerk nie, en ook nie in sy verlossingswek aan die kruis nie.

16. Kan u die gebed en versugting van die Psalmskrywer nou hoor?

“Mag die sondaars van die aarde af verdwyn, mag goddeloses ophou om te bestaan!”

Daar is nie in God se skepping en verlossing plek vir goddeloses nie: mense wat God net ken as iemand wat sy mag afdwing deur of sy skepping of deur sy verlossing nie.

Hoekom nie?

Want dan het die skepping 'n plek geword van magsdemonstrasies en onderwerping. Dit terwyl God die skepping juis die plek maak waarin mense in die verwondering kan leef van God vir wie sy werke sy vreugde is. Die skepping is juis die plek waar Hy ons in die vreugde laat leef om deel van sy goedheid as Skepper te wees.

Dit is God se vreugde om goed te wees met en vir sy skepping.

Dit is die verwondering waarin gelowiges in sy skepping leef. Hy laat gelowiges in sy goedheid deel om hulle sondes te vergeef en in sy liefde te laat leef. Hy laat hulle leef in die geloofsbelydenis, Here my God. Deur in die goedheid te deel wat God as God is, sien hulle hoe dit vir Hom 'n vreugde is ons te wees wat Hy in, deur met en vir sy skepping is.

Hy vervul gelowiges met die verwondering om Hom as God te eer, te loof, te prys en te aanbid omdat Hy is wat hy is; omdat dit vir Hom 'n vreugde is om God te wees soos Hy God is.

Omdat Hy vir ons goed is as Here, sien ons in verwondering hoe Hy God is in sy skepping en aanbid ons Hom vir wie Hy is.

17. Goddeloses maak van wie God is en wat Hy as Skepper is altyd 'n magstryd.

Hulle sien in alles 'n god wat net sy mag demonstreer om almal in die bewondering van mag te onderwerp en in bewondering van hierdie mag in hierdie mag in op te laat opgaan, net om dit hulle dan weer daarvan self te bevry.

Daarom is dit goddeloses wat skeppingsvreemd is.

Ons as gelowiges is nooit deel van hulle bewondering van goddelike magte nie. Want ons sien nooit die mag demonstrasies van God wat hulle sien nie. Ons ken God se goedheid vir sondaars en daarom sien ons ook in elke ekosisteem hoe dit God se blydschap is om God te wees vir sy skepping!

Ons bewonder nie mag nie. Ons eer God vir vreugde wat hy het om god te wees wat goed is vir sy skepping.

Kom ons, wat deel is van en God se goedheid ken, prys die Here as die Here vir wie dit 'n vreugde is om goed te wees vir sy skepping – ons sien dit in al sy handewerk raak!